




NORTH WEST DEPARTMENT OF EDUCATION



MATRIC



REVISION GUIDE

Afrikaans TAT

Afrikaans Tweede Addisionale Taal

Formaat/struktuur van Afrikaans Gr 12 TAT vraestelle

Die voorgestelde besonderhede vir die mondelinge take wat tydens die jaar afgeneem word, is soos volg:

VRAE- STEL	BESKRYWING	PUNTE	TYD
1	Taal in konteks en Letterkunde	120	2.5 ure
2	Skryf	80	2 ure
3	Mondelingtake	100	
	Totaal vir die eksterne eksamen	300	

Vraestel 3	BESONDERHEDE	PUNTE
Mondelinge take	Mondelinge take sal intern opgestel, intern geassesseer en ekstern gemodereer word. Mondelinge onderwerpe behoort binne die konteks van die leerder se leefwêreld te val. <ul style="list-style-type: none">• Lees (25)• Voorbereide toespraak (25)• Gesprekvoering (25)• Luister (25) Hierdie vraestel word in Augustus gemodereer en afgehandel.	100

INSTRUKSIES EN INLIGTING WAT OP GRAAD 12 TAT VRAESTEL 1 VOORKOM

Tyd: 2½ uur

Totale punte:120

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings.

AFDELING A: LEESBEGRIP (30 PUNTE)

AFDELING B: OPSOMMING (10 PUNTE)

AFDELING C: TAAL (40 PUNTE)

AFDELING D: LETTERKUNDE (40 PUNTE)

2. Beantwoord **AL** die vrae.
3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n lyn na elke Afdeling.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksies.
8. Voorgestelde tye:

AFDELING A: 50 minute

AFDELING B: 20 minute

AFDELING C: 40 minute

AFDELING D: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP- 30 punte

VRAAG 1

- ❖ Kandidate kry 'n leesteks (24 punte) en 'n visuele teks(6 punte) om te bestudeer en dan vrae te beantwoord wat daarop volg.

AFDELING B: OPSOMMING - 10 punte

VRAAG 2

- ❖ 'n Teks word gegee en kandidate moet dit dan opsom volgens die onderstaande instruksies
 - Som die SEWE op.
 - Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou eie woorde neer.
 - Nommer die volsinne van 1 tot 7.
 - Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
 - Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

7 punte vir feite en 3 punte vir taal word toegeken

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES - 40 punte

3 Vrae word as volg gevra:

VRAAG 3 (10 punte)

Advertensie (kombinasie van visuele en geskrewe teks)

VRAAG 4 (10 punte)

Spotprent

VRAAG 5:

5.1 Leesteks (14 punte)

5.2 Prent met 'n kort teks (6 punte)

AANHANGSEL AFRIKAANS TAT

afleiding – 'n woord wat bestaan uit 'n basisvorm (stam) en voor- en / of agtervoegsels (hierdie proses vorm dikwels 'n ander woordsoort), bv. *ritus*: rituele gebruike

alliterasie – herhaling van dieselfde beginletters (medeklinkers / konsonante) in beklemtoonde lettergrepe; 'n algemene stylmiddel, bv. *Kind nog kraai*

antiklimaks – die omgekeerde van klimaks; onverwagte teleurstellende uiteinde, afloop; ommeswaai van iets belangriks na iets nietig, gewoonlik met 'n komiese effek

antoniem – woorde wat min of meer die teenoorgestelde betekenis van ander woorde uitdruk, bv. *kurkdroog* en *sopnat*

assonansie – herhaling van klinkers of vokale in beklemtoonde lettergrepe in twee of meer woorde, bv. *Oor die groen poel wat stil en dik / was van die bronslaai en die warm slik* (N.P. van Wyk Louw, *Raka*)

beeld – 'n prent of visuele voorstelling

beeldspraak – taaluiting wat van figuurlike, oordragtlike taal gebruik maak, bv. vergelykings, metafore, persoonifikasie, metonimia (oornoeming), sinekdogee (gedeeltelike aanduiding), antonomasia (naamsverwisseling)

beklemtoning – die klemtoon lê op, aksentueer, benadruk

denotasie (teenoorgestelde van *konnotasie*) – dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van 'n woord of uitdrukking

dialek – 'n variëteit van 'n taal wat deur 'n sekere taalgemeenskap gepraat word

diskriminerende taalgebruik – taal wat kwessies met onderskeid behandel, bv. om manlike terme vir alle persone te gebruik

dramatiese ironie – 'n vorm van kontras – die karakter is onbewus van die ware toedrag van sake, terwyl die leser / toeskouer / ander karakters weet wat werklik plaasvind. Dié ironie verhoog (of ontfont) spanning, genot en gehoordeelname.

dubbelsinnigheid – tweërlei betekenis geskep deur die manier waarop woorde of sinne gebruik word; meer as een betekenis of vertolking hê. Wanneer dit onbewus gebruik word, kan dubbelsinnigheid betekenis versluier.

valueer – om 'n opinie te vorm, 'n oordeel te vel oor 'n teks

figuurlike taal (teenoor *letterlike taal*) – sinnebeeldig, metafories, oordragtlik; woorde en frases wat gebruik word om 'n spesifieke effek te bereik soos vergelykings, persoonifikasie, metafoer. Literêre tekste maak baie van figuurlike taal gebruik.

formaat – die vorm van tekssoorte soos 'n verslag, brief; ook grootte van iets **gebaar** – die beweging van die gesig of liggaam wat betekenis kommunikeer soos om die kop ter bevestiging te knik

gepastheid – taal moet gepas wees vir die konteks waarin dit gebruik word. Die groetwyse "Goeiedag, mnr. Vosloo" is gepas in 'n formele situasie, teenoor "Hallo, Vossie" vir 'n informele situasie.

gevolg (sien ook *oorsaak*) – die resultaat van handeling / gebeure of 'n aksie

grafiese voorstelling – produkte van die visuele en tegniese kunste soos teken, ontwerp; lewendige, beskrywende, skilderende voorstelling

hiperbool – 'n stylfiguur waarin buitensporige, doelbewuste oordrywing gebruik word; om iets groter as wat dit werklik is, voor te stel, bv. *Hulle het ons 'n berg koek gegee om te eet*

homofone – woorde wat dieselfde klankvorm as 'n ander woord in 'n taal het, maar in betekenis en spelling verskil, bv. 'n *blyk* van waardering; die wasgoed *bleik* in die son
sonhomonieme – woorde met dieselfde klank- en spelvorm, maar wat verskil in betekenis, bv. Sy het 'n kuiltjie in haar *ken*; Hy *ken* al die name van die bome in die wildtuin

idiomatiese uitdrukking – 'n uitdrukking wat die idioom of taaleie betref, volgens die taaleie; idiome sluit in spreekwoorde, segswyses, gesegdes en spreuke

intrige – verwickelde situasie wat 'n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwikkeling)

ironie – woordgebruik waarmee 'n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde sê van wat 'n mens kon verwag het

karikatuur – 'n oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van 'n karakter deur die spot te dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur

klanknabootsing (ook *onomatopee*) – die gebruik van woorde om die klanke wat hulle beskryf, te skep

klem (in 'n woord of 'n sin) – om 'n lettergreep in 'n woord of 'n woord in 'n sin te benadruk

klimaks (ook *hoogtepunt*) – die opwindendste, effektiëste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie.

konflik – stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan. Konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan.

konnotasie – wat gesuggereer word deur 'n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis

konteks – die konteks waarbinne 'n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

kontras (ook *antitese*, *teenstelling*) – stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word

kopkaarte / breinkaarte – grafiese netwerkvoorstelling van idees of onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies

kritiese taalbewustheid – die vermoë om die konstruksie van betekenis te ontleed deur begrip van magsverhoudings binne en tussen tale. Dit bemagtig die leerder om manipulasie te weerstaan en om taal sensitief te gebruik.

letterlik (teenoor *figuurlik*) – die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde

manipulerende taal – taal wat daarop gemik is om 'n onregverdige voorsprong te kry of ander te beïnvloed, meestal op 'n onderduimse manier

metafoor – gebruik een ding om 'n ander met soortgelyke eienskappe te beskryf

multimedia – 'n geïntegreerde reeks modusse wat teks, visuele materiaal, klank, video, ens. kan insluit

oorsaak (sien ook *gevolg*) – dit wat aanleiding gee tot 'n handeling / gebeure / aksie of 'n toestand

partydig – eensydig, vooringenome, wat by 'n beoordeling die saak nie onbevange beskou nie

personifikasie – beeldspraak waardeur menslike eienskappe en handeling aan lewlose dinge, diere of plante toegeken word, bv. *As ek 'n huis kon hê / met sulke mure wat sing...* (Marlise Joubert, *Domus*)

redigering – die proses van proeflees en herskryf van 'n teks, insluitend taalgebruik, puntuasie en spelling en om samehang van idees en struktuur na te gaan; in die finale vorm sit, vir publikasie inlewer, gereed maak

register – die woorde, styl en grammatika wat in verskillende kontekste of situasies deur sprekers en skrywers gebruik word. (Amptelike dokumente word byvoorbeeld in 'n formele register geskryf, regsdokumente in 'n regsregister.)

ritme – afgemete beweging; in poësie die natuurlike beweging veroorsaak deur die reëlmatige opeenvolging van beklemtoonde en minder beklemtoonde lettergrepe

rym – ooreenstemming van klank in die laaste lettergreep of woorde in digreëls

sarkasme – bytend, bitter spot, minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker / skrywer bedoel

sinoniem (teenoor *antoniem*) – 'n woord wat min of meer dieselfde betekenis as 'n ander het

sleng (ook *slang*) – 'n variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente, gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, bv. *Hulle het my 'n kop aangesit / Jy kan kwai bestuur*

stemming – atmosfeer of emosie in geskrewe tekste. Dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; dit verwys ook na die atmosfeer wat deur visuele, oudio en audiovisuele tekste geskep word.

stereotipe – vaste (en dikwels partydige) siening oor 'n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester)

styl – trant of manier van skryf; die unieke manier waarop 'n skrywer woorde en sinne "rangskik" om 'n bepaalde effek te verkry. Dit sluit woordkeuse, toon, asook sinslengte in.

subintrige – ondergeskikte verwickelde situasie wat 'n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)

teikengroep – die bedoelde lesers van, luisteraars na, toeskouers of waarnemers van 'n spesifieke teks. Tydens beplanning van 'n skryfstuk / aanbieding, moet 'n skrywer / spreker die doel en teikengroep in aanmerking neem deur 'n gepaste formaat te kies.

teks – enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

tema – die sentrale idee of idees in 'n literêre werk. 'n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet vanselfsprekend wees nie.

transaksionele skryfwerk – funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse)

trappe van vergelyking – soos van toepassing op byvoeglike naamwoorde en bywoorde soos *mooi, mooier, mooiste* en *gou, gouer, gouste*

verbindingswoord – 'n woord soos voegwoorde en betreklike voornaamwoorde wat gebruik word om sinne of sinsdele te verbind

vergelyk (verwys ook na *kontras*) – om vas te stel op watter maniere dinge dieselfde is

vergelyking – naasmekaarstelling van dinge om die ooreenkoms of verskil te vergelyk; stylfiguur. Woorde soos *soos* en *net soos* of *nes* word gebruik om aandag op die vergelyking te vestig.

verslag (formeel of informeel) – om presiese terugvoering oor 'n situasie / geleentheid te gee, bv. 'n ongeluk

visuele voorstellings – boodskappe wat deur middel van die sintuig van gesig oorgedra word (bv. foto's, spotprente, modelle, tekeninge, skilderye, rekenaarbeelde)

vloedigramme – oorsigtelike, grafiese uiteensetting (voorstelling)

voegwoord – 'n woord wat twee sinsnedes / frases of sinne verbind

vooroordeel – vooropgestelde idees oor 'n individu, groep, idee of saak. Sodanige neiging om een saak bo 'n ander te bevoordeel, bring mee dat billike assessering baie moeilik word.

VRAESTEL 1

As jy die vraestel kry moet jy seker maak dat jy jou besonderhede reg neerskryf: bv. jou eksamennommer en jou sentrumnummer. Voor jy met jou vraestel begin raak jy eers rustig.

'n Vraestel word opgestel volgens Barrett se taksonomie: wat beteken dat daar 40% baie maklik vrae, nog 40% bietjie moeiliker en 20% moeilike vrae is.

So - moenie moedeloos raak nie, daar is altyd 'n % van die vrae wat jy sal kan beantwoord.

AFDELING A: Leesbegrip

TEKS A (24 punte)

Lees jou leesteks baie aandagtig.

- Kyk na die puntetelling by vrae. Bv. as 'n vraag (4) punte tel – kan jy nie net 1 antwoord gee nie.
- Jy mag nie woorde uit ander tale in jou antwoorde gebruik nie.
- As daar 2/3 feite/punte gevra word moet dit in die regte volgorde gegee word en net 2/3 feite moet gegee word – want die res word nie gemerk nie.
- As 'n vraag vra: gee **EEN** woord
 - Gee slegs **1 woord** / **onderstreep** die EEN woord – anders word dit verkeerd gemerk.
- Skryf 4 agtereenvolgende woorde: skryf slegs die 4 woorde en nie die hele sin nie.
- Vrae soos: Hoekom, dink jy ...
Waarom kan ons sê ...
Gee jou mening ...
... moet jy jou eie opinie gee – antwoorde moet uit jou hart kom maar nog steeds verband hou met die Teks.
- **Waar(true)/Onwaar(false)** -vrae: die stelling gee reeds die antwoord as Waar/Onwaar, jy moet die motivering(motivation) of verduideliking(explanation) daarvoor gee.
- Kies die korrekte antwoord: A, B, C & D – jy kan slegs die LETTER skryf, veral as jy moet oplet na jou tyd.

- Kies die korrekte antwoord: daar word 2 woorde in hakies gegee. Kies EEN en skryf net daardie antwoord neer. Sorg dat jy die woord korrek oorskryf/ let op na die spelling.
- **TEKS B: Visuele teks. (6 punte)**
- Kyk mooi na die prentjie en na alles wat op die prentjie voorkom sodat jy jou vra baie goed kan beantwoord.

AFDELING B - Opsomming (10)

- Som jou leesstuk in 7 sinne op.
- Skryf puntsgewys - onder mekaar.
- Daar is gewoonlik 7 paragrawe.
- In elke paragraaf is net 1 sin wat die feit/kern/wenk is. Die ander sinne ondersteun net die feit/kern/wenk.
- Jou opsomming moet 60 woorde wees.
- Tel jou woorde as jy klaar is. Die merker lees net tot op 60 woorde die res word doodgetrek.

AFDELING C: Taalstrukture en -Konvensies. (40)

Jou tekste kan uit die volgende bestaan: advertensie, spotprent, leesstuk en Teks G is gewoonlik 'n prent.

Moontlike vrae:

- Kies die korrekte woord tussen hakies
- Kies: A, B, C of D.
- **Vraag 3: Advertensie**
- Gee die **VERGROTENDE TRAP** / maak seker van die korrekte trap van vergelyking
- Hoe word die naam van die produk uitgelig / beklemtoon(how is the name of the product highlighted?)
- Waarom is dit 'n gepaste naam vir die produk?(why is it a suitable name for the product?)
- **VOORNAAMWOORD(pronoun)** waarmee die leser betrek word.
- Verskil tussen **SKRYFTEKEN / LEESTEKEN**
- Watter **BESKRYWENDE(Descriptive)** woorde gebruik die adverteerder
- **Vraag 4: Strokiesprent**
- Verskil tussen **LYFTAAL(body language)** en **GESIGSUITDRUKKING(facial expressions).**

- Wat bedoel die persoon wanneer hy sê....?(what is the person trying to say/ the meaning of his words)
- **Vraag 5: Leesteks**
- Gee **EEN WOORD**
- Voltooi die INFINITIEF(infinitive - om te)
- **RANGSKIK** die woorde in korrekte volgorde.(Put the words in the correct order)
- Gee VERKLEININGSVORM(diminutive - karretjie)/ MEERVOUD(plural - karre)/ ENKELVOUD(singular-kar)/ INTENSIEWE VORM(intensive form -bloedrooi- altyd een woord)
- Verdeel die woord in LETTERGREPE(syllable kar-re)
- Skryf in die ONTKENNENDE VORM(negative- remember: dubbele negatief!)
- Kyk mooi na jou vraag bv. gee die korrekte SPELLING, VOORSETSEL, SAMESTELLING, ens.
- Jy moet elke keer teruggaan na die Teks om na die regte nommer te kyk.

AFDELING D: Letterkunde

Twee verhale word gegee: albei verhale moet beantwoord word – dit is **NIE** 'n keusevraag nie.

Elke verhaal tel 20 punte (2 x 20 = 40)

- Daar word 'n uittreksel gegee met vrae wat daarop volg.
- Kyk mooi na die puntetoekenning by elke vraag.
- Raampie-vrae: Woorde word in 'n raampie gegee en die kandidaat moet slegs EEN kies.
- Kolom A & B:
Trek sommer met jou pen 'n strepie na die korrekte antwoord – sodat jy nie dalk 'n antwoord twee maal gebruik nie.
Jy kan dan net die nommer en antwoord uit kolom B skryf bv. 1.4.1 C.
- 'n Vraag soos: Skryf die 4 insidente ondermekaar in die korrekte volgorde –
 - Die vraag tel (4) punte
 - Jy moet al 4 die sinne oorskryf in die korrekte volgorde
 - Lees die 4 sinne en rangskik dit dan in die volgorde wat dit gebeur het.
 - Nommer sommer die sinne vir jouself as 1, 2, 3 & 4 en skryf dan die sinne oor,
 - Jy moenie A, B, C en D skryf nie.
 - Jy MOET die hele sin uitskryf.
- Die 'hoekom dink jy'-vrae se antwoorde moet jou eie mening wees maar dit moet verband hou met die verhaal.

TAT VRAESTEL 2

Waar begin ons as 'n vraestel voor jou neergesit word??

- Skryf jou **BESONDERHEDE** op jou antwoordboek. Maak seker dat jou **eksamennommer** reg neergeskryf is.
- Jy het tyd om jou vraestel deur te lees.
Gebruik dit!!!
Kies die vrae wat jy graag wil beantwoord.
- Maak seker oor die **aantal** vrae wat jy moet beantwoord – slegs **EEN** uit elke afdeling.
- **Skrap** die vrae wat jy nie wil doen nie.
- As jy klaar is met jou vraestel – blaai weer deur die vraestel en kyk of jy die regte vrae beantwoord het.

AFDELING A: Opstel

- 200 – 250 woorde
- Onderwerpe kan Verhalend of Beskrywend wees
- VRAAG 1 – 4 = Geskrewe onderwerpe
- VRAAG 1.5.1 – 1.5.4 = 4 Visuele tekste (prentjies)
Visuele teks: nommer jou teks volgens die vraestel en gee jou skryfstuk 'n naam.
- **Die verhalende Opstel:** Dit is 'n storie/gebeurtenis wat in die verlede gebeur het
Die opstel moet 'n treffende inleiding hê.
Beskryf die agtergrond en die karakters baie deeglik.
- **Die beskrywende Opstel:** In die skryfstuk moet jy iets of iemand beskryf.
Gebruik jou sintuie. Sê: ek hoor.../ek sien.../ek ruik.../ek voel.

Beskryf: plekke en gebeure.

Hierdie vraestel word volgens 'n rubriek gemerk – nie volgens 'n memo, soos ons dit ken, nie

AFDELING B: Lang transaksionele teks

- 80 – 100 woorde
- Onderwerpe soos Vriendskaplike brief, Formele brief, Verslag, Dialoog, word in die afdeling gedek.
- Maak seker dat jou formaat/adres reg geskryf is.

AFDELING C: Kort transaksionele teks

- 50 – 80 woorde
- Onderwerpe kan wees: Advertensies, Poskaart, Instruksies.
- Maak seker dat jou formaat reg is – kyk wie is jou teikengroep.
- Jy hoef nie met kleurpenne te werk of prentjies te teken nie- maak net seker dat jy verskillende soorte skrif gebruik by die advertensies: bv GROOT letters, skrif wat skeef is of nie op dieselfde vlak/gelyk staan nie. Dit moet interessant /aanloklik wees.

INSTRUKSIES:

- As jy stukke uit die ander vrae in jou **vraestel neerskryf**/saamflans kry jy geen/0 punte vir die skryfstuk nie.
- As jou skryfstuk **te lank is of te veel woorde** het – lees die merker net tot by die aantal woorde wat toegeken is – die res word doodgetrek.
- As jy 'n **Engelse woord /woorde** gebruik, word daardie woord toegedruk en glad nie gelees nie – probeer liever 'n Afrikaanse woord gebruik – al is dit skeef en kromspelling tel nie so baie nie.
- Probeer om: **IDIOME, VERGELYKINGS EN INTENSIEWE VORME** in jou skryfstukke te gebruik.- Leer 'n paar hiervan voor die vraestel en kyk dan waar kan dit pas as jy skryf - soos: die appel val nie ver van die boom af nie/ agteros kom ook in die kraal. En sê liever: so rooi soos bloed of bloedrooi.

WENKE:

Doen jou beplanning voor jy jou FINALE stuk skryf.

Jou BEPLANNING kan 'n Spinnekop, Kopkaart/Mind map of Diagram wees.

Jou spinnekop het 'n magie met jou onderwerp daarin. Gee vir hom bene en by elke been kan jy 'n kernwoord skryf.

Trek 'n streep deur jou beplanning as jy die FINALE stuk geskryf het.

Die dag voor die eksamen: gaan kyk mooi na jou formaat van die verskillende skryfstukke, kyk na die adresse en waar dit staan. Leer vir jousef 'n maklike adres aan en gebruik dit. Kyk ook na die slot en die regte formaat van die einde van jou briewe.

ONTHOU:

Dit is nie 'n resies om te kyk wie 1ste sy vraestel die vinnigste kan beantwoord nie.

Probeer liever die hoogste punte behaal!!